Raka

G.J du Preez 072 1876 076

2.
Raka

Voordat ons kom by die betekenis van die word 'Raka' lees ons eers hoe dit in die Skrif staan.
(KJV)Mat 5:22 But I say unto you, That whosoever is angry with his brother without a cause shall be in danger of the judgment: and whosoever shall say to his brother, Raca, shall be in danger of the council: but whosoever shall say, Thou fool, shall be in danger of hell fire.
(AMP)Mat 5:22 But I tell you, that everyone who is angry with his brother without a cause shall be in danger of the judgment; and whoever shall say to his brother, 'You good-for-nothing!' shall be in danger of the council; and whoever shall say, 'You fool!' shall be in danger of the fire of Gehinnom.
(GW)Mat 5:22 But I can guarantee that whoever is angry with another believer will answer for it in court. Whoever calls another believer an insulting name will answer for it in the highest court. Whoever calls another believer a fool will answer for it in hellfire.
Mat 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

As jy die vers klaar gelees het kom jy agter dat jy 'n probleem het, want jy maak deel uit van 'n baie groot persentasie wat vir ander gesê het: "Jy is dom", "jy is onnosel" of "jy is 'n dwaas". Daar staan tog duidelik, die wat dit gesê het gaan verantwoording doen in die helse vuur! Nou wat nou? Al sê jy, maar ek staan onder die guns van YAHUSHA sê ek nou vir jou jy vertroos jouself met jou eie woorde, want YAHUSHA sê as jy dit gedoen het staan jy voor die oordeel en nie langs Hom wat gaan beskerming nie.

Kom ons kyk na die gelese vers en lig 'n paar woorde uit sodat verborgenheid in die vers na vore kan kom. **E**erstens '**broer**' dit beteken dat indien jy 'Raka' vir 'n heiden sê (*Met rede*) buiten jou biologiese broers (*12 stamme van Jakob*) is dit nie 'n oortreding nie, maar indien jy dit vir 'n mede uitverkore broer gesê het moet daar so gou as moontlik 'n regstelling gemaak word. **T**weedens '**Kwaad**' dit kan in twee rigtings loop. Jy mag kwaad word teenoor alleman daar buite en so ook teenoor jou 'broer', maar daar moet 'n rede wees. Die mensdom is in die algemeen tot kwaad geneig en daardeur stook dit rusie en tweedrag. Gewoonlik deur kwaad kom daar 'n tipe satisfaksie(*loon*)vir sy meester op; En dit is waar ons teen gewaarsku word. As jy kwaad (*toornig*) word as iemand YAHUSHA belediging; Of oneerlik is teenoor die 10 Gebooie; Of Vals is; Of geen eer in sy woord het nie; Of deur om boos te wees wat YAHUAH verwerp, dan wil ek amper sê dat YAHUSHA jou sal ondersteun.

In Ps. 139:21 sê Dawid: *YAHUAH, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? :22 Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!* Maar die teenoorgestelde staan in *1Pet. 3:9 Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.* Dus is daar 'n onderskeid wat "kwaad word" aanbetref.

Derdens kan ons kyk na '**gereg**'. Die woord kan deurgegee word aan die mens. As jy jou mede broer kwaad aangedoen het of skeldwoorde toegesnoer het dan moet daar aandag aan gegee word. Indien daar nie so gou as moontlik vrede intree nie, tree haat in. Dus moet julle as broers 'nadat julle gemoedere gesak het' mekaar vergewe. Indien daar nie tussen die twee vergewing gesindheid is nie gaan dit voor VADER lê. Daar moet vergewing intree. Matt. 6:14 verduidelik dit mooi: *Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.:15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.* Wat baie belangrik is om te weet is dat ons nie VADER is wat oortredinge net kan vergewe nie. As jy vergifnis vra en jou mede broer weier vergifnis moet jy dit voor VADER lê. VADER sal oordeel en jou vergewe. Indien jy voel om jou broer te help met sy wrok teenoor jou "om vergifnis" en dat hy homself blootstel om geoordeel te word (Matt.18:21,22) moet jou broer gehelp word. Sorg dat hy voor 'n senior burger kom wat deel uitmaak van julle gemeenskap. Die senior moet hom oriënteer en leer dat hy jou moet vergewe. Indien hy nie luister vir die raad van die senior persoon nie moet hy na die 'gereg/ gemeente geneem word. Hulle moet dit weer aan hom verduidelik. Hulle moet hom nader roep en aan hom verduidelik die êrens van die saak dat daar vergifnis moet gebeur. Indien die man instem is dit goed, maar indien nie sal hy voor die 'Groot Raad' verskyn.

Nou gaan ons oor tot die naam "Raka"
Raka is 'n Arameërs woord wat verklaar dat dit: leeg, dom, onnosel, goed vir niks of selfs dwaas beteken, maar let op dat die woord met 'n hoofletter geskryf word in die Skrif. Dus laat dit vir my 'n vraagtekens, want hoekom sal neerhalende woorde in 'n hoofletter woord saam gevat woord?

Ons as skepsels en uitverkorene van YAH is geskape naas die beeld van VADER. Toe YAH Adam klaar gevorm het, het YAH Adam aanskou en gesê: "Dit is goed". M.a.w. ons Skepper was tevrede wat Hy met Sy hande gevorm het en daarom Sy begeerte na ons as 'mens'. Ons as Sy handewerk moet daarvandaan Hom verteenwoordig op aarde (*YAH soos Adam sê: been van ons been en vlees van ons vlees* of *Ek het hom net soos Ons gemaak en hy lyk mooi*).

Nou dat ons weet wie en wat ons verteenwoordig hier op aarde gaan die antwoord voor die hand liggend wees. Hier is ‘n gelykenis:
Die een snoer skelwoorde tot die ander. Kwaad word tree in. Daar is ‘n agenda (*bybedoeling*) daar agter. Die oortreding is strafbaar. Daar ontstaan ‘n onnodige bakleiery. Eers was dit net ‘n geskellery, maar met die petalje gaan die een oor om die broer te slaan en skop. Hy begin op hom spoeg en vir hom ‘Raka’ te sê met ‘n agenda. Soos ek bo uitgewys het dat ons as ‘Adamiete’ mooi en goed was en dat daar geen mag in die mens is om eie reg in hand te neem op YAH se skepsels te spoeg nie. YAH sien dit in ‘n ernstige lig daarom noem Hy dat daardie persoon voor die ‘Groot raad’ sal verskyn om te verduidelik wie en wat hom die reg gegee het.

Die laaste is die ernstigste wat die persoon nie eens voor die ‘Gereg’ gaan bring nie, want hy is klaar veroordeel. Ek noem dit die ‘verraad’ kategorie. Daar is drie kategories wat onvergeeflik is nl: Verraad, oortreding teen VADER se Gees en verbastering. Die gedeelte wat sê: ‘Jou dwaas’ moet baie mooi verstaan word anders maak jy jouself skuldig aan verraad.
In die vroeër dae het ons voorvaders die lewe baie meer prontuit geleef. Hulle het presies geweet as jy sekere goed doen wat dit beteken, maar ons in die hedendaagse lewe is so verblind deur Ha satan en sy werkers dat ons behoorlik met toe oë loop (*Vrymesselaars en Rooms-Katolieke*).

‘N ‘dwaas’ is inderwaarheid die een wat dwaasheid doen soos ‘n Judas van ouds (*vergeeflik en onvergeeflike in Judas se oortreding).*
Judas kom met ‘n klomp soldate en ‘n klomp van die Joodse priesters.
Toe hy by die groep dissipels kom wat saam met YAHUSHA in die tuin vergader was, het hy na YAHUSHA gegaan en Hom ‘n kis (*soen*) gegee. Daardie kis het ‘n baie groot betekenis, want dit is ‘n uitkenning van ‘n persoon. Al was dit jou naaste of familielid sal dit nog steeds gedoen word. Die soort van ‘kis’ loop nie met liefde saam nie, want liefde loop gewoonlik met ‘n druk gepaard.
Maar hier kom die verraad ook nou in; Judas gee die kis van die ‘dood’ hy gee die kis van uit kenning dat dit die persoon is wat gedood moet word. (*Die Mafia gee ook die een wat gedood word ‘n kis van die dood*.)

So kom daar baie ‘soene’ na vore, deur die wat in die agtergrond is. Hulle wat die ander uitbring (*verklik, uitwys, skinder*). Onthou ek praat van mede broers wat mekaar uitbring. Op slinkse wyse raak die Jode bv. van ons ontslae deur ‘n mede broer om te koop (verraad). Hulle is die manne wat in die helse vuur verantwoording gaan doen.

Ek sluit met *Spr. 6:12 ‘n Deugniet, ‘n kwaaddoener is hy wat met ‘n valse mond rondloop, :13 wat met sy oë knip, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee; :14 in wie se hart valse streke is, wat altyd ~~onheil~~ valsheid bewerk en tweedrag saai.*

Bedink dit